


Posbus 93, Kraaifontein  
Van der Bijlstraat  
KRAAIFONTEIN 7570  
Tel: (021) 988 7430/9  
Faks: (021) 9881441  
E-pos: head@edonges.org.za



Po Box 93, Kraaifontein,  
Van der Bijl Street  
KRAAIFONTEIN 7570  
Tel: (021) 988 7430/9  
Fax: (021) 9881441  
E-mail: head@edonges.org.za

### **Inligtingsbrief gerig aan graad 9 ouers en leerders**

Aan die begin van hierdie akademiese jaar streef die personeel van Hoërskool Eben Dönges voortdurend na uitnemendheid, kwaliteit vaardigheidsgebaseerde leer in 'n veilige omgewing waar gelyke geleenthede en gesonde dissiplinêre waardes gekoester word. Dit is en sal altyd die visie van ons skool wees. Weens Covid-19 kan die normale oueraand aan die begin van die jaar nie plaasvind nie, daarom wil ons die volgende belangrike inligting oordra:

#### **Register onderwysers vir 2022:**

Mej Karsten	9A1
Mej Bowie	9E1
Mev la Grange	9E2
Mej de Vos	9E3
Mej de Jager	9E4

Graadhoofde: Mej Bowie (9E2 en 9E3)

Mej van Zyl (9A1, 9E1 en 9E4)

#### **Algemeen:**

- Alle leerders het 'n klasrooster ontvang.
- Stel asseblief die skool in kennis indien daar enige veranderinge is rakende kontaknommers en e-posadresse.
- Indien leerders afwesig is van die skool, moet 'n brief hulle vergesel wanneer hulle terugkeer skool toe.
- Indien afwesig van 'n toets, eksamens en assesserings, moet 'n mediese sertifikaat ingehandig word.
- Spesiale reëlings moet per brief aan juffrou Bowie of juffrou van Zyl getref word. Die brief moet 'n kontaknommer hê en deur 'n ouer/voog onderteken word. Die brief moet gedateer wees.

- Afskrifte van dokumentasie rakende immigrant- en vlugtelingstatus moet ingehandig word.

Die detensie sal vanaf begin vanjaar weer geïmplementeer word. Versuim om vir detensie op te daag sal lei tot 'n skorsing van 2 dae.

### **Akademie:**

- Beplanning en toepassing van studiemetodes sal sukses vir elke student waarborg.
- Maak asseblief seker dat leerders hul huiswerk op 'n daaglikse basis doen en die nodige skryfboeke, handboeke asook die korrekte skryfbehoeftes het.
- Afwesigheid was 'n groot probleem in 2021. Dit het 'n ernstige uitwerking op akademiese prestasie en om te verseker dat leerders 'n aansienlike jaarpunt opbou, is onmoontlik.
- Onthou die 4 stappe tot prestasie:
  1. Beplan doelgerig
  2. Berei biddend voor
  3. Gaan positief voort
  4. Lees aanhoudend

### Vakkeuses vir 2023

- Hierdie proses sal begin en voltooi word in die derde kwartaal  
Vakkeuse vorm op die volgende bladsy

**EBEN DÖNGES**

**HOËRSKOOL**



**HIGH SCHOOL**

**FINALE VAKKEUSE / FINAL SUBJECT CHOICE: GR 10 -12 for 2022**

**NAAM VAN LEERDER / NAME OF LEARNER:** .....

**SEKSIE/SECTION:** .....

**Handtekening van Ouer / Signature of parent:** .....

**Handtekening van Leerder / Signature of Learner:** .....

**Datum / Date:** .....

EEN vak moet uit elk van groepe 1, 2, 3 en 4 (verpligte vakke) gekies word en EEN vak uit elk van groepe 5, 6 en 7.

*Learners choose ONE subject from groups 1, 2, 3 and 4 (compulsory subjects) and ONE subject from groups 5, 6 and 7.*

**VERPLIGTE VAKKE / COMPULSORY SUBJECTS // ANDER VAKKE / OTHER SUBJECTS**

<b>Groep 1 / Group 1</b>	<b>Code</b>	<b>Groep 5 / Group 5</b>	<b>Code</b>
Afrikaans Huistaal / <i>Afrikaans Home Language</i>		Geografie <i>Geography</i>	G
Eerste Addisionele Taal / <i>First Additional Language</i>		Verbruikerstudie / Consumer studies	S
<b>Groep 2 / Group 2</b>		Toerisme / <i>Tourism</i>	T
Engels Huistaal / <i>English Home Language</i>		Dramatiese Kunste / <i>Dramatic Arts</i>	D
Eerste Addisionele Taal / <i>First Additional Language</i>		<b>Groep 6 / Group 6</b>	
<b>Groep 3 / Group 3</b>		Rekenaartoeëpassingstechnologie / <i>Computer Application Technology</i>	C
Wiskunde / <i>Mathematics</i>	MM	Fisiese Wetenskappe / <i>Physical Science</i>	P
Wiskundige Geletterdheid / <i>Mathematical Literacy</i>	ML	Rekeningkunde / <i>Accounting</i>	A
<b>Groep 4 / Group 4</b>		Toerisme / <i>Tourism</i>	T
Lewensoriëntering / <i>Life Orientation</i>		<b>Groep 7 / Group 7</b>	
		Besigheidstudies / <i>Business Studies</i>	B
		Lewenswetenskappe / <i>Life Sciences</i>	L
		Musiek / <i>Music</i>	M

Soos duidelik uiteengesit in die vorm hierbo is 'n wye verskeidenheid vakke beskikbaar. Iets vir almal. Dit is egter nodig om die volgende ander u aandag te bring oor sekere vakke:

- Ten einde vir leerders om te kwalifiseer vir WISKUNDE en FISIESE WETEUSKAPPE moet 'n gemiddeld van 60% en hoër vir elke kwartaal in hierdie vakke individueel behaal word.
- REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE (RTT) is beperk tot 60 studente. (2 groepe)
- Vir die volgende vakke kan slegs 1 groep geakkommodeer word:
  1. Rekeningkunde
  2. Verbruikerstudies (Maksimum van 25 studente)
  3. Dramatiese Kunste (Maksimum van 25 studente)
  4. Musiek (Maksimum van 20 studente)

- FISIESE WETEUSKAPPE kan nie met WISKUNDIGE GELETTERDHEID gekombineer word nie.

- Die skool bied 'n LOOPBAANDAG op 18 Februarie 2022 gedurende skoolure aan. Hier sal leerders die geleentheid kry om inligting oor vereiste vakke vir verskeie beroepsopsies te bekom. Dit kan net help met vakkeuses vir die derde kwartaal.

#### Covid-19 protokol

- 'n Lapmasker moet te ALLE tye die neus en mond bedek. Individuele sanitering van leerders en lesenaars vind na elke periode plaas. Elke individuele klaskamer word ook na skool gesaniteer.

#### Selfone

- Geen selfoon word volgens die skool's se selfoonbeleid by die skool toegelaat nie.
- sou 'n leerder 'n selfoon skool toe bring, is dit op eie risiko van die leerder.
- Die selfoon sal deur die opvoeder gekonfiskeer word indien dit sonder toestemming gebruik word.
- Slegs ouers mag hierdie fone by die kantoor afhaal.

#### Nuwe leerders

Welkom by ons skool!

- Die finale rapport van 2021 moet by jou registeronderwyser ingehandig word.
- Die gedragkode en finale nuusbrieff van 2021 en belangrike datums vir 2022 is op die skool se webwerf beskikbaar.
- Leerders en ouers sal 'n vorm ontvang wat geteken moet word wat verklaar dat die Gedragkode deurgelees is en dat ouer en leerder dit aanvaar en daarby sal hou.
- Al wat jy moet weet rakende voorkoms, uniform, oortredings, beleide en deteusie is op die webwerf beskikbaar.

Aan al die leerders sterkte met die jaar wat voorlê. Kom ons werk almal saam.  
Dankie ouers dat julle die toekoms van julle kinders aan ons toevertrou het.


Vriendelike groete



GC Meyer

Waarnemende skoolhoof

Graadhoof  
Mej van Zyl



Graadhoof  
Mej Bowie

